

KORINGARE BUIG MAAR VOOR INVOERE

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN COMPUTUS BESTUURSBURO

Die winsgewendheid van koring het die afgelope drie jaar onder groot druk gekom. Die vernaamste rede daarvoor was dat swak lenteroë opbrengs in die binneland geknou het. Normaalweg behoort die produsenteprys van enige kommoditeit in sulke gevalle te verhoog sodat boere tot 'n mate vir die laer aanbod gekompenseer kan word. In die geval van koring het die internasionale hoë voorraadvlakke egter tot 'n lae invoerpariteitsprys gelei en het koringboere gevolglik met 'n lae opbrengs én 'n lae prys gesit.

Die tabel toon die finansiële resultate van koringboere in die Oos-Vrystaat aan. Daarvolgens het dit in 2005/06 se produksieseisoen R2049 per ha gekos om koring te produseer. Die gemiddelde produksiekoste oor die afgelope sewe jaar het R1952 beloop. Die gemiddelde inkomste oor die afgelope sewe jaar was R2430 per hektaar terwyl die wins R389 per hektaar is. Die gemiddelde verlies vir die afgelope drie jaar was R296 per hektaar. Die opbrengs was maar 1.4 ton per hektaar teen 'n prys van R1326 per ton.

Winsgewendheid

Volgens Figuur 1 het koringboere in die Oos-Vrystaat die afgelope sewe jaar slegs drie goeie winsgewende jare beleef. Daar was drie jare waarin 'n verlies gerealiseer is terwyl vanjaar (2006) basies net 'n gelykbreekjaar is. In 2001 en 2002 is daar winste van meer as R1000 per hektaar gemaak maar sedert 2003 is daar 'n dalende tendens wat in 2004 en 2005 tot verliese van meer as R300 per hektaar gelei het. Koring kan dus winsgewend in Suid-Afrika geproduseer word maar nie sonder dat hoër pryse vir lae opbrengs kompenseer nie.

Opbrengs en prys

Tydens die hoë winsgewende jare van 2001 tot 2003 is pryse van R1318, R1479 en R1510 per ton vir koring gerealiseer terwyl die opbrengs vir dieselfde jare 2.8, 2.8 en 2.0 ton per hektaar was. In 2003 was daar dus 'n duidelike kompensasie tussen opbrengs en prys toe vraag en aanbod mekaar uitbalanseer het.

Vanaf 2005 het opbrengs én prys gedaal. Pryse het rondom R1200 per ton gestabiliseer terwyl opbrengs ver onder 2 ton per hektaar was. Die invoerpariteitsprys het binnelandse pryse dus afgedruk ten spyte van die feit dat daar nie voldoende koring vir die binnelandse mark geproduseer kon word nie. Indien die afgelope sewe jaar in oënskou geneem word, hou prys en opbrengs van koring, met uitsondering van 2005, geensins met mekaar verband nie.

Vraag en aanbod

Suid-Afrikaners gebruik tans ongeveer 2.7 miljoen ton koring per jaar. Plaaslike koringboere kon die afgelope drie jaar gemiddeld slegs 1.7 miljoen ton daarvan produseer. 'n Volle miljoen ton koring moes gemiddeld dus die afgelope drie jaar ingevoer word om aan die plaaslike mark te kon voorsien.

Volgens figuur 3 moes Suid-Afrika vir elk van die afgelope sewe jaar koring invoer om aan die binnelandse vraag te kan voldoen. Gelukkig vir die binnelandse mark was daar genoeg koring op internasionale markte beskikbaar om aan hierdie vraag te kan voldoen. Ongelukkig vir plaaslike boere was hierdie koring teen baie lae pryse beskikbaar en was die rand redelik sterk teenoor die VSA-dollar sodat ingevoerde koring, veral gedurende die laaste drie jaar, goedkoper as die produksiekoste van plaaslik geproduseerde koring aangekoop kon word.

In 'n vrye markstelsel bepaal vraag en aanbod die prys van 'n produk en die meeste koringboere ondersteun hierdie beginsel. Dit raak egter baie moeilik om met internasionale koringpryse te kompeteer, veral as baie van hierdie koring in lande geproduseer word waar produsente swaar deur hulle regerings gesubsidieer word.

Slotsom

Die internasionale prys van koring, wat uiteindelik in die plaaslike invoerpariteitsprys gereflekteer word, speel 'n oorweldigende rol in die prysvasstelling van Suid-Afrikaanse koring. Dit beteken dat die binnelandse aanbod geen effek op pryse uitoefen nie omdat die plaaslike vraag gerieflik en goedkoop deur middel van ingevoerde koring aangevul kan word.

Suid-Afrikaanse boere kan wel die hoeveelheid hektare wat aangeplant word bestuur maar nie die opbrengs op elke hektaar nie. Dit word deur die klimaat bepaal. Die klimaatsrisiko van wisselende opbrengs word dus gladnie deur middel van prysskommeling verskans nie. Dit maak produksiebeplanning vir koring baie moeilik en daarom dreig 'n groot aantal koringboere om hierdie vertakking te los.

Koringboere was baie hoopvol vir prysbeskerming teen internasionale lae pryse maar die tweede voorlegging vir die instelling van 'n hoër tarief op ingevoerde koring is onlangs weer deur die Departement van Handel en Nywerheid verwerp. Dit is 'n jammerte omdat dit basies 'n sein na koringboere uitstuur dat goedkoop koring belangriker is as die bydrae wat plaaslike koringboere in terme van werkskepping en die vermenigvuldigereffek tot die ekonomie bydra. By implikasie is die Suid-Afrikaanse regering se siening dus dat koringboere teen invoerpariteitsprys moet produseer, ongeag die opbrengs wat hulle realiseer.


Ongelukkig reflekteer die goedkoop koring nie in die kleinhandelprys van brood nie. Die ignorering van koringboere se lae winsgewendheid dra, in terme van voedselverskaffing, dus nie by tot uitkoms vir die armstes van die armes nie.

Die hoë internasionale voorraadvlakke van koring en die sterk rand wat toevallig daarmee gepaard gaan, gaan nie vir ewig voortduur nie. As die binnelandse koringprodusente egter reeds uit die bedryf gedwing is, gaan dit baie moeilik wees om oornag uit plaaslike bronne aan die binnelandse vraag te voorsien as dit ekonomies nie meer die moeite werd is om koring in te voer nie.

Bethlehem
Junie 2006

TABEL: FINANSIële RESULTATE VAN KORING IN DIE OOS-VRYSTAAT									
	HISTORIESE SYFERS							7	3
	2000	2001	2002	2003	2004	2005	2006	jaar	jaar
	Gemid	Gemid	Gemid	Gemid	Gemid	Gemid	Gemid	Gemid	Gemid
Totale hektare	317	349	526	290	329	378	421	373	376
	R/ha	R/ha	R/ha	R/ha	R/ha	R/ha	R/ha	R/ha	R/ha
Produkverkope	1189	2810	3596	2876	1668	1172	1888	2171	1576
Versekering ontvang	41	134	101	56	233	157	75	114	155
Ander Inkomste & Voer	10	53	5	5	32	84	204	56	107
TOTALE INKOMSTE	1240	2997	3703	2936	1933	1413	2168	2430	1838
Saad	102	115	88	94	120	133	114	110	123
Bemesting	250	291	395	486	543	457	444	410	482
Onkruidbeheer	58	62	87	106	43	23	40	60	35
Plaagbeheer	37	48	107	85	55	63	60	65	60
Droog, Skoon & Berg	18	42	40	48	35	19	36	34	30
Bemarking	6	11	12	10	69	21	9	20	33
Oesversekering	160	200	284	350	240	282	235	250	252
Stroopkoste	43	74	86	57	36	62	43	57	47
Spuïtkoste	20	40	64	59	6	7	19	31	11
Vervoerkoste	3	13	22	8	6	6	18	11	10
Losarbeid	2	4	2	1	2	1	3	2	2
Direkte Brandstof	11	14	0	0	0	0	0	4	0
Direkte Reparasies	3	7	1	8	19	3	20	9	14
Verpakking	0	0	0	0	0	0	0	0	0
DIREKTE UITGAWES	712	921	1189	1312	1176	1078	1042	1061	1099
Finansieringskoste toegedeel	91	89	101	70	77	50	62	77	63
Permanente arbeid toegedeel	159	168	191	205	234	237	233	204	234
Reparasies toegedeel	330	450	543	368	383	326	311	387	340
Brandstof toegedeel	0	0	0	363	378	414	402	223	398
TOEGEDEELDE UITGAWES	579	707	835	1007	1072	1027	1007	891	1036
TOTALE UITGAWES	1291	1627	2024	2319	2248	2105	2049	1952	2134
VERTAKKINGSMARGE	-51	1369	1678	617	-315	-693	118	389	-296
Opbrengs (Ton/ha geproduseer)	2.8	2.8	2.8	2.0	1.3	1.2	1.7	2.1	1.4
Vertakkingsinkomste/BPW (%)	21%	38%	39%	29%	21%	18%	31%	28%	23%
Prys/Eenheid (Rand/ton)	895	1091	1318	1479	1510	1222	1246	1252	1326

FIGUUR 1: WINSGEWENDHEID VAN KORING



FIGUUR 2: OPBRENGS EN PRYS VAN KORING

